MUNISIPALE NUUSBRIEF

THE RESIDENT / DIE INWONER

MUNICIPAL NEWSLETTER

FEBRUARIE / FEBRUARY 2016 NO. 02

//KHARA HAIS MUNISIPALITEIT: LASAFWERPING PROGRAM: JANUARIE 2016

Burgemeester Rdl LA Koloi

Die situasie ten opsigte van die foutiewe hoof transformator is:

1. Die Raad het reeds 'n nuwe transformator aangekoop. 'n Vervoer kontrakteur is aangestel om dit op Dinsdag, 19 Januarie, in Pretoria te laai en na Upington te vervoer. Omdat dit 'n ekstra swaar (50 ton) vrag is, sal dit na verwagting op Donderdag, 21 Januarie, op Upington aankom.
2. Op Dinsdag 19 Januarie gaan 'n span kontrakteurs begin om die ou transformator af te takel om plek te maak vir die nuwe transformator. Die werk sal voltooi word voordat die nuwe transformator hier aankom. Dieselfde span sal dan die nuwe transformator installeer en in werking stel. Dit sal ongeveer drie dae duur.

Indien alles vlot verloop kan die transformator teen 24 Januarie in werking wees en kan normale kragtoevoer herstel word. Intussen sal ons egter met die las afwerping moet voortgaan totdat die nuwe transformator in werking is.

Almal word versoek om steeds so min krag as moontlik te gebruik. Ons monitor die kragverbruik deurlopend en indien die vrag laag genoeg is, hoef ons nie af te skakel nie. Die volgende kan help:

- Lugreelaars wat af is of op 'n hoër temperatuur gestel word.
- Alle ligte wat kan afgeskakel word.
- Geysers wat tussen 08:00 en 20:00 afgeskakel word

Verskeie mense het gekla omdat daar sekere dele van die dorp is wat nie afgeskakel word nie. Die redes daarvoor is:

1. Die toevoer na die watersuiweringswerke en die hoof riool pompstasie by die duikweg kan nie afgeskakel word nie, omdat dit tot water tekorte en riool uitvloei kan lei. Die dele van woonbuurte wat op dieselfde toevoer as die installasies is, kan dus ook nie afgeskakel word nie.
2. Sommige woonbuurte word bedien deur ou skakeltuig, wat nie met afstandbeheer geskakel kan word nie. Die risiko dat hierdie skakeltuig foutief kan raak as dit te veel geskakel word, hou 'n ernstige veiligheidsrisiko vir ons elektrisiëns in. Die veiligheid van ons personeel moet in sulke gevalle voorkeur geniet.

Dit word ook waargeneem dat sommige firmas nagskofte instel om vir produksie verliese op te maak. Hoewel ons die erns van die firmas se probleem verstaan, verskuif dit net die vrag en indien die vrag in die nag dan die beskikbare toevoer oorskrei, sal ons die lasafwerping in die nag ook moet toepas. Ons doen veral 'n beroep op groot verbruikers suid van die rivier (sone 3) om nie fabrieke en groot pompe tussen 18:00 en 22:00 aan te skakel nie, omdat dit saamval met die huishoudelike piek verbruik en dan die beskikbare toevoer oorskrei, wat die krag laat uitklink, tot almal op die voerder se ongerief.

Kliënte word verseker dat ons alles in ons vermoë doen om die probleem so gou moontlik op te los.

PAYMENT OF MUNICIPAL SERVICES

The //Khara Hais Municipality urged the residents to pay regularly for their municipal services. The municipality commended the residents and businesses which are paying for their services. The Municipality said that a good payment culture can improve service delivery.

VOORAFBETAAL WATER EN ELEKTRISITEIT VERKOOPPUNTE IN DIE //KHARA HAIS MUNISIPALE REGSGEBIED

VOORAFBETAAL ELEKTRISITEITSVERKOOPPUNTE

VERKOOPPUNTE	TELNR	TYE
William Single 110, Paballelo	073 844 0830	08:00 - 21:00
Village Shop	054 332 4383	07:30 - 21:00
Progress Cafè, Kosmosstraat	073 509 2862	08:00 - 21:00
Daniël Jansenstr 54, Morning Glory	084 645 9993	08:00 - 21:00
Rosedale Spar	054 339 0056	08:00 - 21:00
Babbelbekkies, Rosedale	074 587 4961	07:00 - 21:00
Gaziniastraat, Louisvaledorp	073 483 3466	07:00 - 22:00
299 Kingstraat, Paballelo	063 009 3111	08:00 - 20:30
Upington Convenience Centre	054 332 5444	**24 UUR**
Stap - In Vulstasie (W Engelbrecht)	083 502 0316	07:00 - 22:30
Spar Upington	054 331 2491	07:00 - 22:00

VOORAFBETAAL WATERVERKOOPPUNTE

VERKOPERS	ADRES	TEL
Ruben Bosman	Hoopstraat 8, Lambrechtsdrift	079 957 5819 073 146 1262
Sandra Maasdorp	Loopstraat 4, Karos	083 319 6952
Nomsa Sokoyi	Jupiterstraat 35, Paballelo	073 265 9050
Emma van Eden	Swartkopweg 80, Leseding	073 019 1789 076 019 1789
Virginia Ratshefola	Mayabastraat 223, Paballelo	079 444 4426
Nicolaas Pieterse	Winkelstraat 22, Leerkranz	054 751 0092
Abraham Olyn	Bougainvillastraat 41, Louisvale	082 730 2334 074 612 1104
Ennie Malgas	Johnny Goeiemanstraat 35, Rosedale	082 427 5162 061 281 4206 076 719 4971

***Inligting van tye verskaf deur verkooppunte**

PROGRAM VIR DIE LEES VAN METERS

JANUARIE / FEBRUARIE 2016 — FEBRUARIE / MAART 2016

DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES	DATUM	ROETES
25 JAN	1, 2, 4, 18	04 FEB	9, 7, 11, 80	25 FEB	1, 2, 4, 18	07 MRT	9, 7, 11, 80
27 JAN	23, 5, 22, 25	05 FEB	31, 45, 12, 30	26 FEB	23, 5, 22, 25	08 MRT	31, 45, 12, 30
28 JAN	29, 20, 27, 35	08 FEB	43, 32, 33, 13	29 FEB	29, 20, 27, 35	09 MRT	43, 32, 33, 13
29 JAN	37, 3, 36, 6	09 FEB	47, 16, 14, 39	01 MRT	37, 3, 36, 6	10 MRT	47, 16, 14, 51
01 FEB	38, 46, 42, 21	10 FEB	28, 19, 41, 15	02 MRT	38, 46, 42, 21	11 MRT	28, 19, 41, 15
02 FEB	44, 8, 24, 10	11 FEB	17, 40	03 MRT	84	14 MRT	17, 40
03 FEB	84	12 FEB	81, 82	04 MRT	44, 8, 24, 10	15 MRT	81, 82

'n Beroep word op alle huiseienaars gedoen om asb. hul persele toeganklik te hou vir meterlesers, bv. die vasmaak van honde.

PROGRAM VIR DIE UITDEEL VAN HULPBEHOEWENDE ELEKTRISITEIT - FEBRUARIE 2016

DATUM	WOONBUURT	PLEK
01 Februarie	Paballelo	Munisipale Kantore
02 Februarie	Progress / Extension	Gemeenskapsaal: Keimoesweg
03 Februarie	Louisvaleweg	Moses Links Gemeenskapsaal
04 Februarie	Rosedale	Gemeenskapsaal: Rosedale
05 Februarie	Kalksloot/Louisvaledorp	Betaalkantoor: Me. M Blaauw
08 - 29 Feb	Dorp	Munisipale Hoofkantoor

NB: BRING ASSEBLIEF U ID-BOEKIE EN VOLMAGVORM SAAM AS U KRAG KOM AFHAAL!! SLEGS WEEKSDAE VANAF 07:30 TOT 15:30

NIE OP OPENBARE VAKANSIEDAE NIE.

Uitgereik deur die Kommunikasie Eenheid, Munisipaliteit //Khara Hais - Tel: 054 338 7000